

FINANSIËLE REKENINGKUNDE 700

Seminaar RS 3 – Aanbieding van finansiële state

PH Ferreira

**DEPARTEMENT
REKENINGKUNDE
UP**

Voorgeskrewe werke:

1. IAS 1 – hersien in 2007 – IASB
2. GAAP Handbook Volume 1 – Pretorius, **et al**
- Hoofstuk 2
3. IFRIC 17 (nie ingesluit in DEV1 omvang nie)

| Vrae: | Tyd |
|--|----------|
| Vraag 1 Diverse teorie | ± 20 min |
| Vraag 2 Diverse teorie | ± 15 min |
| Vraag 3 Rekeningkundige beleid | ± 10 min |
| Vraag 4 Staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste & staat van verandering in ekwiteit | ± 30 min |
| Vraag 5 Staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste, staat van finansiële posisie & staat van verandering in ekwiteit | ± 60 min |
| Vraag 6 Bedryfs/Nie-bedryfslaste | ± 8 min |

VRAE

VRAAG 1

Beantwoord die volgende vrae:

1. Wat is algemene doel finansiële state?
2. Watter openbaarmakingvereistes moet nagekom word indien finansiële state nie op 'n lopendesaak-grondslag voorberei word nie?
3. Wat word bedoel met die "toevallingsgrondslag van verantwoording"?
4. Is dit nodig om in die huidige jaar se finansiële state al die beskrywende inligting wat in die finansiële state van die voorafgaande jaar verskaf was, in te sluit?
5. Watter openbaarmakingsvereistes moet nagekom word indien 'n entiteit sy verslagdoeningsdatum verander?
6. 'n Entiteit het 'n bedryfsiklus van 18 maande. Op jaareinde word daar verwag dat 20% van die werk-in-proses voltooi en verkoop sal wees 14 maande na jaareinde, terwyl die oorblywende deel voltooi en verkoop sal wees binne 6 maande na jaareinde. (Beide hierdie tydperke val binne die entiteit se normale bedryfsiklus.) Behoort die werk-in-proses as 'n bedryfs- of 'n niebedryfsbate geklassifiseer te word in die staat van finansiële posisie?
7. IAS 1 vereis openbaarmaking van die **oordeel** wat bestuur uitoefen by die toepassing van beduidende rekeningkundige beleide, asook **bronne van ramingsonsekerheid**. Verduidelik kortliks die verskil tussen hierdie twee begrippe.
8. IAS 1 vereis openbaarmaking van inligting wat die gebruikers van finansiële state in staat sal stel om die entiteit se doelwitte, beleide en prosesse vir die bestuur van kapitaal te evalueer. Verduidelik kortliks wat hierdie openbaarmaking behels.
9. Is dit korrek om dividend per aandeel op die gesig van die staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste aan te bied?
10. Verduidelik die verskil tussen die terme wins of verlies, ander omvattende inkomste en totale omvattende inkomste.
11. Verduidelik kortliks die term "herklassifikasie-aansuiwerings".

VRAAG 2

Beantwoord die volgende vrae:

- a. Waaruit bestaan 'n volledige stel finansiële state, ingevolge IAS 1?
- b. Normaalweg sal die nakoming van International Financial Reporting Standards tot redelike weergawe in finansiële state lei. Onder sekere omstandighede mag bestuur egter van mening wees dat nakoming van 'n vereiste in 'n standpunt misleidend sal wees. Verduidelik wat die prosedure en oorwegings in so geval sal wees en wat onder hierdie omstandighede geopenbaar moet word.

VRAAG 3

In die lig van die breë definisie van rekeningkundige beleid soos tans in IAS 8.5 vervat, is dit soms moeilik om te besluit wat as rekeningkundige beleid getoon behoort te word. Die standpunt oor aanbieding van finansiële state verskaf riglyne in hierdie verband. Bespreek hierdie riglyne en verwante aangeleenthede breedvoerig.

VRAAG 4

Die volgende inligting met betrekking tot Safari Bpk vir die jaar geëindig 31 Desember 20X7, is tot u beskikking:

| | R |
|--|----------|
| Verkope | 900 000 |
| Grondstowwe | |
| - beginvoorraad | 20 000 |
| - aankope | 70 000 |
| - eindvoorraad | 30 000 |
| Direkte arbeidskoste | 175 000 |
| Vervaardigingsbokoste | |
| - waardevermindering | 125 000 |
| - ander | 170 000 |
| Klaarprodukte | |
| - beginvoorraad | 45 000 |
| - eindvoorraad | 75 000 |
| Wins met verkoop van aanleg | 10 000 |
| Verspreidingskoste | 100 000 |
| Administratiewe uitgawes | |
| - waardevermindering | 5 000 |
| - personeelkoste | 15 000 |
| - ander | 50 000 |
| Ander bedryfsuitgawes | 39 000 |
| Direkteursvergoeding | |
| - vir dienste as direkteure | 2 000 |
| - ander dienste | 7 000 |
| Navorsingskoste | 2 000 |
| Rente betaal | 30 000 |
| Verlies as gevolg van diefstal van kontant | 20 000 |
| Herwaardasie van grond – 30 Junie 20X7 | 42 000 |
| Omrekeningswins vir die jaar t.o.v. buitelandse bedrywighede (aanvaar geen belasting uitwerking) | 13 000 |
| Oordrag na batevervangingsreserwe | 10 000 |
| Tussentydse dividend betaal | 5 000 |
| Finale dividend voorgestel | 4 000 |
| Behoue verdienste begin van jaar | 475 000 |
| Herwaardasiesurplus begin van jaar | 100 000 |
| Buitelandsevaluta-omrekeningsreserwe begin van jaar | 45 000 |

Bykomende inligting

1. Gedurende die huidige finansiële jaar het dit aan die lig gekom dat 'n bedrag wat gedurende 20X6 vanaf 'n debiteur ontvang is, in daardie jaar foutiewelik teen verkope gekrediteer is. Die bedrag beloop R35 000 en word as wesenlik beskou. Nog geen regstelling is hiervoor gemaak nie.
2. Neem aan dat daar met stigting 100 000 gewone aandele teen R1 elk uitgereik is.
3. Aanvaar 'n belastingkoers van 30%.

VERLANG:

Stel die staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste (enkelstaat-benadering, met details van belastinguitwerking en herklassifikasie-aanpassings) en staat van veranderinge in ekwiteit van Safari Bpk vir die jaar geëindig 31 Desember 20X7 op. U antwoord moet aan die vereistes van IAS 1 voldoen en moet albei aanvaarbare formate met betrekking tot die klassifikasie van uitgawes (volgens funksie en aard) toon. Die volgende aantekeninge word ook verlang:

- Wins voor belasting (vir uitgawes geklassifiseer volgens funksie en aard);
- Dividende.

VRAAG 5

Die gekonsolideerde lys van saldo's van die Newsound Bpk groep vir die jaar geëindig 31 Desember 20X9 is soos volg:

| | 20X9 | 20X8 |
|---|------------------|------------------|
| | R'000 | R'000 |
| <i>Krediete</i> | | |
| Aandelekapitaal (slegs moedermaatskappy) | 147 834 | 147 834 |
| Herwaardasiesurplus (deel toeskryfbaar aan niebeherende belange ingesluit) | 10 625 | - |
| Batevervangingsreserwe (deel toeskryfbaar aan niebeherende belange uitgesluit) | 5 000 | 2 000 |
| Behoue verdienste begin van jaar (deel toeskryfbaar aan niebeherende belange uitgesluit) | 18 375 | 33 802 |
| Niebeherende belange | 40 125 | 32 000 |
| Langtermynlenings | 236 000 | 108 297 |
| Uitgestelde belasting | 28 875 | 23 100 |
| Verkope | 1 287 052 | 902 052 |
| Krediteure | 35 990 | 20 145 |
| Korttermyngedeelte van langtermynlenings | 83 042 | 24 639 |
| Aandeelhouders vir dividende | 17 409 | 11 606 |
| Bankoortrekking | <u>1 652</u> | <u>-</u> |
| | <u>1 911 979</u> | <u>1 305 475</u> |
| <i>Debite</i> | | |
| Niebeherende belange in ander omvattende inkomste (herwaardasiesurplus) vir die jaar | 2 125 | - |
| Niebeherende belange in wins vir die jaar | 7 200 | 6 800 |
| Eiendom, aanleg en toerusting | 16 069 | 14 696 |
| Voorraad | 192 085 | 149 002 |
| Debiteure | 418 465 | 222 833 |
| Banksaldo's en kontant | - | 1 465 |
| Koste van verkope | 1 098 187 | 819 939 |
| Bedryfskoste | 103 435 | 46 592 |
| Rente betaal | 39 264 | 20 862 |
| Belasting | 10 927 | 6 148 |
| Oordrag na batevervangingsreserwe (deel toeskryfbaar aan niebeherende belange uitgesluit) | 3 000 | 2 000 |
| Dividende betaal | <u>21 222</u> | <u>15 138</u> |
| | <u>1 911 979</u> | <u>1 305 475</u> |

Bykomende inligting

1. Bedryfskoste bestaan uit die volgende:

| | 20X9 | 20X8 |
|-------------------------------------|----------------|---------------|
| | R'000 | R'000 |
| Waardevermindering | 3 002 | 2 237 |
| Verlies met skraping van toerusting | 500 | - |
| Verspreidingskoste | 25 741 | 14 010 |
| Administratiewe uitgawes | 28 813 | 10 345 |
| Personeelkoste | <u>45 379</u> | <u>20 000</u> |
| | <u>103 435</u> | <u>46 592</u> |

2. Aanvaar 'n normale belastingkoers van 30%. Die belastinguitgawe (wat as korrek aanvaar kan word) is soos volg saamgestel:

| | R'000 | R'000 |
|---------------------------|--------------|--------------|
| Belasting per proefbalans | (10 927) | (6 148) |
| SA normaal | | |
| - lopend | (7 027) | (3 048) |
| - uitgestel | (3 900) | (3 100) |

3. Die herwaardasiesurplus het betrekking op 'n filiaal (waarin 'n 80%-belang gehou word), wat grond gedurende die jaar herwaardeer het.
4. Dividende ten bedrae van R1 200 000 is gedurende 20X9 aan niebeherende aandeelhouers betaal (20X8 - R1 100 000).
5. Die oordrag na die batevervangingsreserwe is gedoen deur 'n filiaal waarin 'n 60%-belang gehou word.
6. Ignoreer verdienste en dividend per aandeel.
7. Die langtermynlenings is rentedraend.
8. Newsound Bpk klassifiseer uitgawes volgens funksie.
9. Niebeherende belange word gemeet teen hul proporsionele belang in die identifiseerbare netto bates van die verkrygte op verkrygingsdatum ingevolge IFRS 3.19.

VERLANG

Stel die gekonsolideerde finansiële state van Newsound Bpk vir die jaar geëindig 31 Desember 20X9 vanaf bogenoemde inligting op. Maak gebruik van 'n enkelstaat benadering vir die staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste (met besonderhede van die belastinguitwerking en herklassifikasie-aanpassings). Geen ouditeursverslag, direkteursverslag, staat van kontantvloei, of belastingkoersrekonsiliasie word verlang nie.

(BRON: Unisa)

VRAAG 6**eFin (Edms) Bpk**

eFin (Edms) Bpk is die maatskappy in 'n groep wat al die finansierings-aangeleenthede van die groep bestuur.

eFin (Edms) Bpk het vyf jaar gelede 'n langtermynlening ten bedrae van R600 000 by FMB Bank aangegaan. Volgens die oorspronklike leningsooreenkoms is die lening op 30 April 20X3 ten volle aflosbaar. Op 5 Julie 20X2 het die direksie egter daarin geslaag om met FMB Bank ooreen te kom dat die aflossingsdatum na 30 April 20X4 uitgestel sal word.

VERLANG:

Bespreek hoe die lening in die staat van finansiële posisie vir die jaar geëindig 30 Junie 20X2 geklassifiseer moet word. Motiveer u antwoord. (5)